Die Christelike Vrou

April 2026 Amptelike mondstuk van die NHSV

# Die goue fluistering van God se seisoene

***Dit is die eerste dag van herfs! 'n Tyd van warmsjokolade-oggende, malvalekker-aande, en – die beste van alles – om in blare in te spring!*** **skryf Winnie-die-Pooh speels. En tog lê daar in hierdie eenvoudige woorde iets wat diep waar is: Herfs is 'n seisoen wat ons sintuie en ons harte wakker maak.**

'n Hoop of plaat blare wat in die herfs van die bome afgeval het, is vir my van die mooiste goed wat daar is. Tot so 'n mate dat ek weier om die grasperk of ryvlak of sypaadjie skoon te vee en al daardie blare iewers in 'n sak of komposhoop te prop. 'n Eertydse tuinier van my kon dit glad nie verstaan nie. Hy het sy kanse maar gevat as ek die dag in die kar klim om iewers heen te gaan. Dat ek wel uiteindelik sou sien hy het die blare opgevee, het klaarblyklik nie in daardie oomblikke saak gemaak nie.

In die herfs lyk die wêreld asof dit met oker, ougoud en amber geverf is. Vincent van Gogh het eens gesê: *Solank die herfs aanhou, sal ek nie genoeg hande, doeke en kleure hê om die pragtige dinge wat ek sien, te verf nie.* Inderdaad voel dit soms asof die skepping self in hierdie seisoen 'n kunswerk word.

Herfs roep ook ons ander sintuie wakker. Ruik jy dit? Voel jy dit? Die Amerikaanse skrywer Laura Jaworski het geskryf: *Die blare is besig om te verander; ek voel poësie in die lug.* En waarlik – herfs dra 'n sekere stille poësie in hom.

Miskien is dit omdat herfs ons herinner dat verandering nie noodwendig verlies beteken nie. Wanneer die bome hul blare laat gaan, is dit nie 'n einde nie, maar eerder 'n rustige oorgawe. Die aarde rus sagter. Die lug word stiller. Die wêreld haal as't ware diep asem.

George Eliot het dit pragtig gestel toe sy geskryf het dat 'n ware herfsdag daardie "stille melancholie" dra waarin lewe en natuur met mekaar harmoniseer. Dis asof die skepping self stadiger beweeg – voëls beraadslaag oor hul migrasie, blare sak sag grond toe, en 'n sagte geur hang in die lug, wat die rustelose gees kalmeer.

Vir ons as gelowiges kan herfs ook 'n herinnering wees aan God se ritme in die skepping. Prediker sê immers dat daar vir alles 'n tyd is: 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te trek wat geplant is. Die Here werk in seisoene – in die natuur, maar ook in ons lewens.

Daarom is herfs 'n uitnodiging om stadiger te leef. Om 'n wandeling tussen verkleurende bome te neem. Om die goue lig van 'n laatmiddag te geniet. Om saam met familie om 'n tafel te sit met warm drankies en dankbare harte.


Nathaniel Hawthorne het eenmaal gesê: *Ek kan dit nie verduur om iets so kosbaar soos herfssonskyn te mors deur in die huis te bly nie.* Miskien moet ons hierdie seisoen juis dít doen: uitgaan, kyk, ruik, luister – en weer leer om die eenvoudige gawes van God se skepping raak te sien.

Want in elke fladderende blaar fluister die herfs sag: Daar is skoonheid in elke seisoen van die lewe.



***Foto: Hannelie Botha***

# NHSV KONGRES



**Spreker: Yolande Brittnell-Steyn**

**Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur**

*Daar is drie goed waarvoor ek kaalvuis baklei. My kinders, die waarheid en vrouens.*

*Ek glo dat daar in elke liewe vrou 'n opstaan-vrou is. Maak nie saak wat jou "challenge" is nie. Die dag as jy jou "challenge" aanvaar, dan begin jou knieë lig.*



Yolande het sorgvry in die Groot-Karoo grootgeword, waar sy geleer het om te leef en te skryf. Op die ouderdom van 18 het sy 'n rugsak gepak en die wêreld op haar eie gaan bekyk. Daarna het sy besluit om 'n bemarkingsrigting in te slaan. Die afgelope 15 jaar woon sy in die Boland. Sy het twee seuns, York en Rhee, en 'n dogter, Maya-Belle. Sedert 2022 is sy voltyds besig met motiveringspraatjies en tree sy oral in Suid-Afrika op as gasspreker. Sy het ook al 'n draai gemaak in Namibië.

In 2011 het sy gedebuteer met haar eerste teaterproduksie, *Bloed*, wat die storie vertel van die emosionele reis wat 'n versorger beleef langs 'n geliefde se kankerbed. Die teaterstuk was deel van 12 inskrywings vir die 2011 Ashanti Smeltkroesprys by Aardklop. *Bloed* was in dieselfde jaar ook te sien by die Stellenbosch Woordfees.

Skryf is vir Yolande 'n ideale kreatiewe uitlaatklep en bediening, en haar blog is 'n natuurlike uitvloeisel daarvan. Sy skep die gevoel dat jy iewers saam haar met 'n koppie koffie sit en gesels.

In Maart 2020 het haar debuutbundel *Sit aan die ketel* die lig gesien, in September 2023 *Plooie en Psalms*, en in 2024 die *Kykmooinajouself-joernaal*.

Sy skryf eerlik, sonder ompaaie, oor goed wat jou hart raak. Haar fyn waarnemingsin en hoe sy met woorde toor, bly jou by lank nadat jy klaar gelees het.

Haar bediening is vir vroue, oor die moeilike pad wat vroue soms stap en om elke vrou daaraan te herinner dat God hulle geskep het met 'n spesifieke doel. Haar 2023/'24-praatjie, *Opstaan-vrou*, het vol sale getrek. Met haar eiesoortige Karoo-humor en eerlike manier van praat, gee sy stukkende harte weer hoop en bemoedig en bemagtig sy vroue om op te staan en hul regmatige plek in die lewe in te neem. Daar kom 'n tyd wanneer ons moet ophou bloei, ons knieë moet lig en die lewe vreesloos en vry moet aanpak. Dit is 'n opdrag van God.

Haar sosialemediablog, *Sit aan die Ketel*, is 'n gewilde kuierplek om haar virtuele kombuistafel – 'n daaglikse saamlees-, hartvolmaak-, kuiertydjie vir duisende vroue.

Besoek gerus haar webwerf: ***https://sitaandieketel.co.za***

**Kunstenaar: Jak de Priester** **Rozelda Nel**



https://jakdepriester.co.za/fotos/

*My lewe en die wêreld waarin ons leef, inspireer my. Ek hou van goeie sangers, met 'n kunstige aanslag, soos Amy Winehouse. Sterre soos Johannes Kerkorrel, Amanda Strydom, Koos Kombuis, ensovoorts, het almal 'n invloed gehad op my eie musiekstyl. Ek geniet ook samewerkings, en het al saam met Laurika Rauch, Steve Hofmeyr, Koos Kombuis en Nataniël gewerk, gesels hy.*

Na 20 suksesvolle jare in die Suid-Afrikaanse vermaakbedryf, het Jak de Priester beslis geen bekendstelling nodig nie. Hierdie bekroonde kunstenaar, met sy sielvolle stem, betekenisvolle lirieke, ritmiese musiek en vermaaklike verhoogpersoonlikheid, het oor die jare diep in sy ondersteuners se harte kom nesskop. Vandag is dié *Sally Williams Nougat*-sanger 'n gevestigde naam, met tien ateljee-albums, 'n kinderalbum en -DVD, 'n boek, 'n digbundel en verskeie verhoogproduksies op sy kerfstok. Hy het ook in 2012 televisieaanbieder by sy indrukwekkende CV gevoeg.

Jak, wat in Parys in die Vrystaat grootgeword het, is al van kleins af doenig met musiek, die verhoog en liedjies skryf. Sy loopbaan het in 2003 afgeskop, nadat hy die ATKV-Crescendo-kompetisie gewen het. Dit het hom die geleentheid gegee om sy eerste album, *Sally Williams Nougat*, op te neem, wat 'n groot treffer met dieselfde naam opgelewer het. Hy het ook in daardie jaar 'n Geraas-toekenning ontvang vir Beste Nuweling. Sedert sy debuutalbum (*Sally Williams Nougat* in 2003), het talle nommer-een-radiotreffers, toekennings, benoemings en suksesvolle albums gevolg, waaronder *Strate van my hart* (2004), *Brooklyn Poet* (2005), *Stellenbosch Lovesong* (2007), *Groen Mamba* (2008), *16 briewe aan my baby* (2010), *Die liefde los 'n spoor* (2011), *N1 van my hart* (2012), *Ek reis na gister* (2015), *15 jaar* (2017), *Album 10* (2020), en 'n kinderalbum en -DVD, *Myne, Myne, Myne* (2014). Hy was ook te sien in verskeie verhoogproduksies soos *Underground*, *Strate is nie stom nie*, *Nataniël and Friends*, *Net 'n bietjie liefde vir die langpad*, en vele meer.

Dié ster is verder ook die skrywer en sanger van verskeie temaliedjies vir kykNET-televisiereekse, waaronder die gewilde sepie *Binnelanders*, *10 uit 10*, en *Reis na gister*; hy is ook die aanbieder van laasgenoemde. Die reeks het bestaan uit vyf seisoene met 'n sesde reeks wat in 2020 begin het. Die reeks het vir hom in 2015 'n nominasie as Aanbieder van die Jaar besorg.

In 2021 het Jak sy eie televisieprogram vir kykNET ontwikkel, naamlik *KoppieTeeFontein*, waarvan hy die aanbieder is en waarvoor hy ook die temalied geskryf het. Die agtste seisoen van dié gewilde reeks is vanaf Oktober 2025 uitgesaai.

Jak het in 2017 die temalied geskryf van die nuwe Afrikaanse fliek *Hoener met die rooi skoene*, en vier van sy liedjies is gebruik as deel van die lokettreffer *Semi-Soet* se klankbaan. Oor die jare het hy nie net die verhoog met gewilde kunstenaars gedeel nie, maar ook by van die grootste feeste en konserte opgetree, waaronder *Huisgenoot Skouspel*, *Afrikaans is Groot*, Innibos Kunstefees, KKNK, en vele meer. Sy musiek is ook gewild oorsee en *Sally Williams Nougat* was op die *Top 20* van 'n Britse radiostasie. Twee van sy liedjies is opgeneem in die nuwe *FAK-sangbundel*.

Hy het in 2005 sy eerste digbundel, *Heuning in die mond,* vrygestel, gevolg deur die boek *Brood* in 2010. Een van sy gedigte, "Onsekerheid", is in 2009 ingesluit in die nuwe Afrikaanse *Groot Verseboek*. Hy het ook tussen 2011 en 2015 die rubriek "Pa se stem" vir *Baba & Kleuter* geskryf.

Jak het nog baie planne vir die toekoms en hou daarvan om sy talent met ander kunstenaars s'n te kombineer.

Die bedryf het hom baie geleer oor geduld, mislukking, stres, sukses en geloof, maar hy glo nog altyd dat musiek enigiets kan gesondmaak.


# DIE VROUE



# DIE VROUE

**Boekresensie** **Ds Elsie Pretorius (Emeritus)**

**Kristin Hannah se boek *The Women* gee erkenning aan die vroue wat Amerika gedurende die Viëtnam-oorlog gedien het. Amerika het gedurende die oorlog ontken dat daar enige vroue in Viëtnam was. Die vroue se heldedade is ontken en misgekyk. Hulle is nooit erken as oorlogsveterane nie.**




Die oorlog het van 1954 tot 1975 geduur, en eers in 1993 is die Viëtnam Women's Memorial onthul. Die monument onthou, prys en eer die 265 000 militêre en siviele vroue wat diens gedoen het in die Viëtnam-oorlog. Die meeste van die vroue het hoofsaaklik as verpleegsters gedien.

Dit is teen hierdie agtergrond dat *The Women* afspeel. Dis die storie van Frances "Frankie" McGrath wat in 'n militêre huis grootgeword het en oorlog toe is.

Frankie beland in haar pa se studeerkamer terwyl haar broer, Finley, afgesien word voor sy vertrek Viëtnam toe – iets waarop haar ouers baie trots is. Een hele muur in die studeerkamer is 'n heldemuur wat die opofferings van die mans in die familie in diens van die land eer.

Met patriotisme en die droom om ook op haar pa se heldemuur te wees, sluit Frankie by die verpleegstersdiens van die weermag aan. Haar konserwatiewe en gerespekteerde ouers ondersteun haar besluit glad nie.

Vinnig en onvoorbereid bevind Frankie haar in chaos en vernietiging. As jong en onervare verpleegster oorweldig die situasie haar, want sy het niks daarvan geweet nie en was ook nie daarop  voorbereid nie. Spoedig is sy verskrik, uitgeput en emosieloos. Dit is vir haar hartverskeurend wanneer sy sien hoe soldate, jonger as sy, vermink word en hul lewens verloor. Die waardeloosheid en vervangbaarheid van mense raak te veel vir haar. Sy is verslae en verdrink in haar hartseer. Haar vriende, Barb en Ethel, met meer ervaring as sy, is haar enigste emosionele ondersteuning.

Sy waag haar lewe vir haar land, maar met haar terugkeer word sy op die lughawe gespoeg en verneder. Sy word nie gesien as 'n oorlogsheld soos die mans nie. Sy is nie 'n oorlogsveteraan nie. Mense vermy haar en gesprekke oor die oorlog. Selfs vir haar eie familie is sy 'n verleentheid. Sy weet dat sy nie die ideale dogter is wat haar familie wou gehad het nie.


Frankie probeer voortgaan met haar lewe soos voor die oorlog. In die nag veg sy die stryd met haar nagmerries, angs en herbelewing van die trauma (PTSV). Sy gaan deur 'n pynlike reis van verlies, verslawing en woede teenoor diegene wat haar verraai het en haar nie gerespekteer het nie. Hulp vir haar en ander vroue was nie beskikbaar nie. Dit word ontken dat daar enigsins vroue in Viëtnam was. Boonop, volgens hulle, was vroue, ás hulle in Viëtnam was, nooit in gevaarlike situasies betrokke nie.

Frankie is een van die gelukkiges, die dapperes, maar ook een van die gebrokenes en verlorenes. Sy veg 'n stryd wat in baie opsigte erger as die oorlog is.

***

Indien jy hou van 'n goed geskryfde verhaal, vervleg met werklike geskiedkundige gebeure, is *The Women* die boek vir jou. Lees ook vir seker die beste boek ooit van Kristin Hannah – *The Nightingale*. Wêreldwyd is 4,5 miljoen eksemplare van dié boek verkoop.

# Theremin



# Theremin



**Hannelie Botha**



**Musiek uit die onsigbare: Die wonder van die theremin**

Stel jou voor: 'n Musikant staan voor 'n klein instrument met twee antennas. Sy raak aan niks. Haar hande sweef net in die lug – 'n beweging hier, 'n sagte draai daar – en skielik vul 'n eteriese, amper spookagtige klank die vertrek. Dit klink soos 'n viool wat in die mis speel, of 'n menslike stem wat sonder woorde sing.

Hierdie merkwaardige instrument staan bekend as die theremin – waarskynlik die enigste musiekinstrument wat 'n mens kan speel sonder om ooit daaraan te raak.

*Dit voel asof die speler musiek uit die lug self vorm.*

**'n Ontdekking uit 'n laboratorium**

Die theremin het nie in 'n konsertsaal ontstaan nie, maar in 'n wetenskaplaboratorium.

In 1920 het die Russiese fisikus Leon Theremin (Lev Sergejevitsj Termen) met radiofrekwensies en sensors geëksperimenteer. Tydens sy navorsing het hy opgemerk dat die beweging van 'n hand naby 'n antenna 'n elektriese sein kon verander. Toe hy hierdie verskynsel met 'n klankopwekker kombineer, is 'n nuwe instrument gebore.

Dit was 'n sensasie.

Theremin het deur Europa en Amerika gereis om sy uitvinding te demonstreer. Mense het verstom toegekyk hoe hy bloot sy hande beweeg – en hoe musiek as't ware uit die lug ontstaan.

Teen 1928 is die instrument in die Verenigde State gepatenteer. Dit het vinnig bekend geraak as een van die eerste elektroniese musiekinstrumente.

**Hoe speel 'n mens 'n instrument waaraan jy nie raak nie?**

Die theremin bestaan uit 'n relatief eenvoudige stel komponente:

- 'n Klein hout- of metaalbehuising met elektroniese stroombane;
- 'n vertikale antenna vir toonhoogte;
- 'n horisontale lus-antenna vir volume; en
- 'n versterker en luidspreker.

Die speler staan voor die instrument en beweeg albei hande in die elektromagnetiese veld rondom die antennas.

**Google "theremin" om die theremin te beleef. Daar is baie video's waar mooi verduidelik word hoe die instrument werk en waar 'n mens kan hoor hoe dit klink. Enkele van hierdie video's is:**

Theremin-demonstrasies en verduideliking:



Leon Theremin demonstreer sy uitvinding:



- Wanneer die hand nader aan die vertikale antenna beweeg, styg die toonhoogte.
- Wanneer die hand nader aan die lus-antenna beweeg, verander die volume.

Omdat daar geen knoppies of snare is nie, moet die speler besondere presisie ontwikkel. Selfs 'n klein beweging van 'n paar millimeter kan 'n nuwe noot skep.

Dit is amper soos om musiek te dirigeer – maar in hierdie geval skep die dirigent self die klank.

**Die groot meesters van die theremin**

Die bekendste theremin-virtuoos was Clara Rockmore, 'n voormalige vioolwonderkind. Nadat 'n armprobleem haar vioolloopbaan beëindig het, het sy die theremin begin speel – en die tegniek daarvan verfyn tot 'n ware kunsvorm.

Haar uitvoerings van klassieke musiek het bewys dat hierdie vreemde instrument ook fyn en liriese musiek kan voortbring.

Later het ander kunstenaars die instrument se nalatenskap voortgesit, onder andere:
- Lydia Kavina, 'n familielid van Leon Theremin.
- Carolina Eyck, 'n moderne theremin-virtuoos wat wêreldwyd konserte hou.
- Lucie Rosen, een van die instrument se vroeë beskermpersone.

**Van konsertsale tot rockmusiek**

Die theremin se swewende, amper buiteaardse klank, het dit besonder gewild gemaak in wetenskapfiksie- en gruwelfilms, veral in Hollywood in die 1950's.

Maar dit het ook sy weg na populêre musiek gevind. Rocklegende Jimmy Page van Led Zeppelin het 'n theremin tydens lewendige uitvoerings van *Whole Lotta Love* gebruik. Musikante soos Frank Zappa en ander eksperimentele kunstenaars het dit ook op hul albums ingespan.

Baie mense dink die Beach Boys se *Good Vibrations* gebruik 'n theremin – al was dit tegnies 'n verwante instrument wat spesifiek vir die opname ontwikkel is.

**Bestaan die theremin vandag nog?**

Beslis.

Hoewel dit nooit 'n algemene huisinstrument geword het nie, word theremins steeds vervaardig en gebruik. Moderne vervaardigers soos Moog Music maak vandag nuwe weergawes van die instrument.
Dit word gebruik in eksperimentele en elektroniese musiek, filmklankbane, klassieke konserte, en universiteits- en musiektegnologieprogramme. Vir sommige musikante bly dit een van die mees uitdagende en betowerende instrumente om te bemeester.

**Google "theremin" om die theremin te beleef. Daar is baie video's waar mooi verduidelik word hoe die instrument werk en waar 'n mens kan hoor hoe dit klink.**

**Soek veral vir die volgende video's:**

Clara Rockmore:



Selfs Led Zeppelin het die theremin gebruik:




**Waar kan 'n mens dit vandag kry?**

Theremins kan vandag nog gekoop word by:


- https://www.moogmusic.com
- https://www.thomann.de
- https://www.theremaniacs.com

Daar is selfs klein beginner-theremins beskikbaar vir mense wat nuuskierig is om self die instrument te probeer.

Die theremin bly een van die fassinerendste ontmoetings tussen wetenskap, tegnologie en kuns. Meer as 'n honderd jaar ná sy ontstaan laat dit mense steeds verwonderd: 'n instrument wat ons herinner dat musiek soms letterlik uit die onsigbare kan ontstaan.

Dalk is dit juis waarom hierdie instrument mense steeds betower: Dit wys dat selfs die onsigbare dinge rondom ons kan sing...



Goeiemôre Taal Skryf

PRAKTIESE AFRIKAANS

WELKOM WOORDEBOEK

Verwarring Leer

Spelling AFRIKAANS

# PRAKTIESE AFRIKAANS

Afrikaans dubbelsinnig

Lees Plons Sê

Goeienaand Spelling

LETTERKUNDE

Vrae WELKOM

Goeiedag

## Kostelike flaters!

Tessa Oppermann, Gemeente Rooihuiskraal

**Ek verkneukel my aan prof Wannie Carstens se uiteensetting van onbedoelde taalflaters in sy boek *Norme vir Afrikaans*. Hy gebruik voorbeelde van sy eie en dié van ander taalkenners, onder andere prof Johan Combrink, prof Johan Spies en die joernalis JJJ Scholtz.**

Scholtz het byvoorbeeld gesê: *Om goed te kan skryf, moet 'n mens goed dink, helder en suiwer dink... Alte dikwels begin mense skryf voordat hulle klaar gedink het... Dit kan maklik aan die skryfproduk gesien word: dit is slordig, dikwels omslagtig en moeilik om te begryp. Die woorde maak soms geen sin uit of sê iets anders as wat die skrywer bedoel het.*

Geniet gerus die volgende onbedoelde flaters wat prof Wannie aangehaal het (sommige direk uit internetkorrespondensie):

- Ons beste wense vergesel die *heengaan* van die twee gesinne.
- Die pasiënt het by tye *konstante ongereelde* hoofpyn.
- Moet niks weer herhaal nie en sê ook nooit dieselfde ding twee maal nie.
- Die blomme in die kerk sal geskenk word aan diegene wat siek is ná die erediens.
- Basaaraankondiging: Kom gerus as jy niks aan het nie en kom deel in die pret.
- Vir diegene wat kinders het en nie daarvan weet nie, daar is kleuterkerk in 'n ander lokaal.
- Daar sal Donderdagmiddag om 17:00 'n vergadering van die Jong Mammas-klub wees. Almal wat graag jong mammas wil word, moet eers die predikant in sy studeerkamer ontmoet.
- Koerantopskrif: Myners weier om te werk na dood.
- Dubbelsinnigheid: Sy het gedruip omdat sy swak lesings bygewoon het. [Swak bywoning, of swak lesings?]
- Betekenisverwarring: Die vrou het *uitbundig* by haar man se graf gehuil. [In plaas van byvoorbeeld *hartverskeurend*, *smartlik*, *diep bedroef*...]



Laat ons maar die raad volg van DJ van Schalkwyk en G Kroes in *Doeltreffende Afrikaans: 'n Handboek vir skriftelike taalgebruik*: ***Dink vóórdat jy ink!***


**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Mari-lizé Beukes, Rozelda Nel, Ds Elsie Pretorius, Tessa Oppermann**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com of https://www.freepik.com of KI of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**



| | | |
|---|---|---|
| www.nhsv.org.za | Porterstraat 40, Rawsonville, 6845 | diechristelikevrou@gmail.com |
| diechristelike | Christelike Vrou | 082 923 9439 |



*Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.*